# Hillcrest High School

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**

**NOVEMBER EKSAMEN 2016**

**VRAESTEL 3**

**GRAAD 10** **TYD : 2 UUR**

**PUNTE : 100**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 8 BLADSYE**

## INLIGTING EN INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A:** | **OPSTEL** | **[50]** |
| **AFDELING B:** | **LANGER TRANSAKSIONELE TEKS** | **[30]** |
| **AFDELING C:** | **KORTER TEKS: Naslaan, Informatiewe en Transaksionele tekste** | **[20]** |

2. Beantwoord **EEN** vraag uit **ELKE** afdeling.

3. Begin **ELKE** afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Jy moet **AL** jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik 'n kopplan, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Doen dit in potlood. Trek 'n streep deur die beplanning **NADAT** jy die finale produk voltooi het.

6. Beplan jou tyd so:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 20 minute

7. Nommer elke skryfstyk soos dit op die vraestel genommer is.

8. Skryf die /opskrif van **ELKE** teks bo-aan **ELKE** skryfstuk.

   LET WEL:
   Die word **NIE** in aanmerking geneem as die woorde getel **NIE**

9. Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan elke teks.

10. Skryf netjies en leesbaar.

11. Vul jou buiteblad volledig in.

***Blaai om asseblief***

**AFDELING A : OPSTEL**

**VRAAG 1**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 150-200 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die title van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik het, onderaan.
- Daar **MOET** 'n beplanning, eerste poging en finale poging by **ELKE** skryfstuk wees.

1.1 'n Noue Ontkoming. [50]

1.2 Suid-Afrikaners het baie redes om trots op ons land te wees. [50]

1.3 My inspirasie. [50]


1.4 Ek sal daardie dag nooit vergeet nie. [50]

1.5 Ons het almal daardie dag lekker gelag. [50]

1.6 Kies **EEN** van die volgende prente en skryf 'n **OPSTEL** daaroor.
Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.


**LET WEL**
Daar moet 'n duidelike verband tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

**1.6.1** [50]



***Blaai om asseblief***

**1.6.2** [50]




**1.6.3** [50]



***Blaai om asseblief***

**1.6.4** [50]



[Uit: *Image Library*]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

***Blaai om asseblief***

**AFDELING B : LANG TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies **EEN** onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.
- Onthou die formaat.
- Onthou om te beplan, 'n eerste poging en dan 'n finale poging te doen.

**2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy was onlangs in 'n motor ongeluk betrokke.

Skryf 'n brief aan jou vriend en vertel hoe die ongeluk gebeur het, of jy ernstig beseer was en wie anders betrokke was.

[30]

**2.2 DIALOOG**

Jy en jou maat praat oor julle toekomsplanne en toekomsdrome. [30]

**2.3 TOESPRAAK**

Jy het onlangs op 'n sporttoer na Kaapstad gegaan. Die Skoolhoof het jou gevra om HHS se leerlinge toe te spreek en van die toer te vertel. Skryf jou toespraak.

[30]

**TOTAAL AFDELING B** [30]

***Blaai om asseblief***

**AFDELING C: KORTER TEKSTE : NASLAAN, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**

**VRAAG 3**

**INSTRUKSIES**

- Kies **EEN** vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.
- Onthou om te beplan, 'n eerste poging en dan 'n finale poging te doen.

**3.1 DAGBOEK**

Vandag was 'n baie slegte dag. Jy wil net huil. Jy wil nooit weer so 'n dag hê nie!

Skryf in jou dagboek oor die dag.

[20]


**3.2 poskaart**

Jy het saam met jou pa en ma op 'n staptoer gegaan. Jou broer kon nie saamgaan nie.

Stuur 'n poskaart aan hom en vertel van die mooi plekke wat julle gesien en besoek het.

Teken jou eie poskaart in jou antwoord-boek.

**Voorbeeld van poskaart**




[20]


***Blaai om asseblief***

### 3.3 UITNODIGING

Die skool gaan 'n konsert reël om fondse in te samel vir jong kinders wat deur kanker geraak word.

Rig nou 'n uitnodinging in die vorm van 'n uitnodigingskaartjie aan jou vriend en nooi hom/haar om die konsert by te woon.

Sluit alle nodige inligting vir die konsert in.



**TOTAAL AFDELING C: [20]**

**GROOT TOTAAL: 100**